Verdien AgriBonuspunte op alle produkte
deur Laeveld Agrochem aangekoop




## Fokus op Jurie Pienaar

Marble Hall area

**Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.**

**Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir Jurie Pienaar by**
**Sel: 082 416 1120 E-pos: jurie@laeveld.co.za**

Jurie Pienaar is gebore in Duiwelskloof net buite Tzaneen in die Limpopo- provinsie.

Hy het grootgeword in die ou Noord- Transvaalse dorpe Pietersburg en Potgietersrus en het later na Pretoria verhuis.

Jurie het wildsplaasbestuur by die Universiteit van Port Elizabeth in die Oos-Kaap en die Pretoria Technikon studeer.

Sy praktiese jaar het hy in Limpopo voltooi en dit só geniet, dat hy verdere twee jaar aangebly het.

Jurie het goeie ondervinding met beeste en was al verantwoordelik vir die bestuur van 'n 400-plus kudde beeste.

*Jurie sê:* "Ek is 'n man met Christelike beginsels. Ek glo dat alleenlik Hy jou sukses sal bepaal, solank jy alles aan Hom oorgee. Ek is ongetroud en sonder kinders. Ek is n familie-mens en het sterk familiebande.



My belangstellings is die buitelewe, Afrika en boerdery- en beeskuddebestuur. Ek is ook 'n professionele jagter. Ek sien daarna uit om in te skakel by die gemeenskap in Marble Hall. Ek wil ten alle tye die beste diens moontlik aan my kliënte lewer en glo ek kan 'n impak maak in my omgewing."